

Ontwikkel saam kennis

Publikasie: USB Agenda

Datum: Oktober 2013

Leer in hoëronderrigingsinstansies het oor die jare ontwikkel van klaslesings tot gesamentlike leer waar studente by mekaar leer met die dosent as fasiliteerder. **Cherice Smith** het na die waarde van gesamentlike leer gekyk.

‘*F*rom Sage on the Stage to Guide on the Side.’ Twintig jaar gelede was hierdie bekende aanhaling oor leer die titel van ’n artikel oor verskeie aktiewe leertegnieke deur prof Alison King, wat toe ’n medeprofessor van onderrig by die College of Education by die California State-universiteit in die VSA was.

In hierdie artikel, wat in 1993 in die vaktydskrif *College Teaching** gepubliseer is, besin King oor waarom studente aktief aan denke en besprekings moet deelneem terwyl hulle vir hulself sin uit alles maak. Die manier hoe King dit beskryf het, was dat die dosent in plaas van die wysgeer op die verhoog (*sage on the stage*) as die raadgever langs die kant (*guide on the side*) optree, wat die leerproses op minder voorskriftelike maniere fasiliteer.

Christo Nel, besoekende buitengewone senior lektor by die USB en programhoof van die uitvoerende en internasionale MBA by die Nyenrode Business University in Nederland, sê deel van die verandering in die leerproses oor die jare is as gevolg van die manier waarop ons na die wêreld kyk. “Ons het stadig weg beweeg van die ‘ek is die belangrike bron van kennis’-denkgewoonte. Studente moenie dosente op ’n voetstuk plaas nie. Natuurlik weet dosente meer – gewoonlik. Maar dosente moet daar wees om die leerproses te fasiliteer.”

Volgens Nel dui navorsing aan dat gesamentlike leer die doeltreffendste manier is waarop studente dit wat hulle leer, kan verwerk en onthou. Die slegste manier is deur klasgee. “Studente se retensievlak deur suiwer klasgee is 5% en die retensievlak met ’n verskeidenheid eweknie-gebaseerde leermetodes is bo 70%, wat ’n baie groot verskil is.”

Verskeie gesamentlike leermetodes word gebruik om te verseker dat studente dit wat hulle geleer het, verstaan en onthou. “Die heel beste retensie vind plaas wanneer studente iets moet leer en dan ’n kort stuk daarvoor moet voorberei. Hulle staan in die klas onder toesig van ’n spesialis en sê wat hulle geleer het – hul persoonlike retensie van ’n vak of onderwerp,” verduidelik Nel.

“n Tweede metode is wanneer deelnemers ’n stuk of ’n onderwerp kry wat in verskillende dele verdeel is. Elke span leer sy gedeelte aan die ander – die werk is dus onderverdeel. Studente word regtig goed met die onthou van inligting.

“n Derde metode is waar studente in spanne verdeel word en presies dieselfde onderwerp kry waaraan hulle in ’n geskrewe stuk werk moet aandag skenk. Hulle moet dan hul eie en die ander se werkstukke lees, evalueer en ’n punt toeken. As dosent gee ek ook ’n punt aan al die werkstukke. Dit gee vir studente die geleentheid om hul medestudente te evalueer. In die proses besef hulle gewoonlik dat hulle gans te goedgeefs óf streng met hul bepunting was. Só leer hulle dat hulle meer opbouend en uitdruklik moet wees, soos hulle in die werkplek sal moet wees.”

Nel sê dit is belangrik dat studente individualisme, wat ’n skaarsheidsbenadering is, skei van onafhanklikheid, wat ’n oorvloedbenadering is.

“n Groot klomp ontwikkelingsielkunde en navorsing het aangedui dat ons weg moet beweeg van ’n egoïstiese en

narsissistiese gemoedstoestand na 'n benadering van oorvloed. Dit is een van die grootste uitdagings in sake en organisasies. Superspanne werk nie individualisties nie. Jy moet verstaan dat jy deel is van 'n span. Dit is 'n belangrike leerproses.”

Studente van diverse agtergronde is ook belangrik vir gesamentlike leer. “Goeie navorsing toon dat spanne wat meer divers is, meer suksesvol is. En hierdie diversiteit sluit ras, geslag, spesialisering en ervaring in. Dit is uiters belangrik om 'n gesonde omgewing te hê waar jy kan saamstem en verskil en mekaar se sieninge kan toets sonder om jou eie mening altyd voorop te stel,” sê Nel.

Prof Frikkie Herbst, hoof van die MBA-program by die USB, sê studente kry waarde uit gesamentlike leer in die kleiner groepsbesprekings en tydens fasilitering in die lesingsaal waar almal teenwoordig is. “Hierdie metodologie dra beslis waarde by tot die ontwikkeling van individuele studente se denke en hul vermoë om ingewikkelde probleme te hanteer.”

Die USB MBA-student De Wet Albertyn sê die groepinteraksies was stimulerend. “Die dosente bestuur die proses goed. Gesamentlike leer het my gehelp om meer ontspanne te wees wanneer kwessies in 'n groep bespreek word. Ek het aanvanklik nie my mening gelug nie, maar soos die jaar aangestap het, het ek meer ontspanne met my klasmaats geraak en ek het meer gereeld begin deel. Ek het ook geleer hoe om 'n gemeenskaplike doel te probeer bereik. Die einddoel is soms nie duidelik nie, wat tyd kan mors, maar ek het geleer hoe om die situasie op so 'n wyse te struktureer dat 'n gesamentlike besluit betyds bereik kan word.”

Die USB MBA-student Brigitte Roediger sê gesamentlike leer het haar met haar persoonlike leierskapontwikkelingsreis op die MBA gehelp. “Leierskap as 'n module is 'n baie besinnende vak. Jy moet dikwels onderwerp wat in die klas bespreek is in 'n dagboek dokumenteer. Vier van ons het besluit om elke Vrydag ná klas te ontmoet om dit wat ons geleer het en ons interpretasies daarvan te bespreek. Ons het moedig en openhartig met mekaar gepraat om kommentaar te kry. Met 'n vak soos hierdie, waar daar geen reg of verkeerd is nie, was dit die beste forum om dit wat ons geleer het met mekaar te deel. Daar is nie 'n manier hoe ons dit op ons eie sou kon doen nie.”

Die Nagraadse Diploma in Leierskap-student Phumeza Nobhongoza sê sy het haar bedenkinge oor hierdie leermetode gehad. “Dit het my uit my gemaksonne gehaal. Ek het geglo ek was intelligent genoeg om resultate op my eie te kan behaal. Ek het deur gesamentlike leer besef dat intelligensie goed is, maar dit is nie genoeg nie. Ek het ook besef hoe ek kanse laat verbyglip om beter te word deur ander,” sê sy.

“Ek glo in die krag van gesamentlike leer en in die benutting van ander se ervarings en kennis,” sê Annie Snyman, 'n student op die USB se MPhil in Ontwikkelingsfinansies-program. “My medestudente het almal goeie kwalifikasies en werkervaring van oral in Afrika, en die lesse en insigte wat hulle gedeel het, het bygedra tot die ontwikkeling van my eie kennis van die vasteland en sy ontwikkelingsuitdagings. Om multidisiplinêre en multikulturele samewerking te ervaar, het weer eens bevestig dat verskillende sieninge, vaardighede en kulturele agtergronde oplossings vir ingewikkelde probleme ondersteun. Wanneer ek in die toekoms ingewikkelde ontwikkelingsprobleme moet hanteer, sal ek definitief van die gesamentlike leerervaring gebruik maak.”

Hanrie Hill, MPhil in Bestuursafrigting-student by die USB, sê sy het haar leerervaring versterk deur inligting met haar medestudente te deel. “Ons rig mekaar af, hou groepsbesprekings en leer uit medestudente se aanbiedinge. Afrigting tussen medestudente het my gehelp om na verskillende afrigtingsmodelle te kyk en om meer insigte te kry.”

Ten slotte sê Nel: “Dit is belangrik vir studente om hul lesse en werkstukke te deel en om mekaar te beoordeel. Twee van die huidige MBA-klasse het gesamentlike leer in die vorm van Skype-sessies gedoen, terwyl 'n ander groep artikels versprei. Jy het dan 'n klas van 40 mense wat oorvloedig geword het. Dit gaan daarvoor om daardie vlak van gesamentlike leer te kry.”

* King, A. 1993. From Sage on the Stage to Guide on the Side. *College Teaching*, 41(1), 30-35.

Gesamentlike leer by die USB

Gesamentlike leer is 'n sleutelkenmerk van die USB se programme. Elke student bring unieke kennis en bestuurservaring na die tafel. Studente kom van Suid-Afrika, Afrika en die wêreld, en hulle kom met verskillende voorgraadse kwalifikasies en uit verskillende bedryfsrigtings en ouderdomsgroepe. Hierdie diversiteit stel hulle in staat om verskillende perspektiewe en regtewêreld-kennis deur die kollektiewe wysheid van die groep te verkry.